# DIE STORIE VAN MY LEWE - Die Lewe Gebeur

**Mefiboset (2 Samuel 4:4; 2 Samuel 9)**

**DIE LEUEN**
**"Wat met my gebeur het, bepaal wie ek is."**

**DIE WERKLIKHEID**
Die lewe gebeur. Die lewe gebeur met almal, goeie en slegte mense.
**Johannes 16:33 "In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin."**
Nie alles wat met ons gebeur is die gevolg van ons eie keuses nie.
Soms gebeur dinge aan ons.
Soms verander een oomblik alles.
"Sy oppasser het hom opgetel om te vlug, maar toe sy haastig vlug, het hy geval en kreupel geword." (2 Sam. 4:4)

**MEFIBOSET SE STORIE**
- Gebore in 'n koninklike familie.
- Erfgenaam van 'n groot nalatenskap.
- Sy wêreld verander in een dag.
- Hy verloor meer as sy mobiliteit; hy verloor sy identiteit.
- Hy eindig in Lodebar – 'n plek van vergetenheid en gebrek.

**Een gebeurtenis kan jou lewe verander, maar dit hoef nie jou identiteit te bepaal nie.**

**WAT GEBEUR WANNEER DIE LEWE GEBEUR?**
Soms laat mense jou val
Soms gebeur die lewe
Beide is buite die wil van die Here, maar beide mag nie toekoms bepalers wees nie.

Ons begin glo:
- Ek is my seerkry.
- Ek is my verlies.
- Ek is my mislukking.
- Ek is wat met my gebeur het.

**Jy is meer as die ergste ding wat nog ooit met jou gebeur het.**

Die vraag is en bly"
Johannes 5:6 "Wil jy gesond word?"

**GOD SE PERSPEKTIEF**
Terwyl Mefiboset homself wegsteek, soek Dawid hom.
Terwyl Mefiboset homself as waardeloos sien, noem Dawid hom by die naam.
"Moenie bang wees nie..." (2 Sam. 9:7)

**God vind jou voordat jy Hom soek.**
**God sien nie net jou wonde nie; Hy sien jou waarde.**
**Genade gee wat verdienste nooit kan koop nie.**

**DIE EVANGELIE IN DIE STORIE**

Mefiboset kom as 'n kreupele bedelaar.
Hy vertrek as 'n eregas aan die koning se tafel.

Waarmee moet jy terugkeer na die Here se uitnodiging en ophou alleen dra daaraan?
Waar moet jy Antwoord op: Wil jy gesond word?

**God herstel nie net mense se omstandighede nie; Hy herstel identiteit.**

**VRAE VIR REFLEKSIE**

1. Watter gebeurtenis het jou storie die meeste verander?
2. Watter leuen het jy begin glo as gevolg daarvan?
3. Waar het jy toegelaat dat jou pyn jou identiteit word?
4. Hoe sien God jou anders as wat jy jouself sien?
5. Wat sal verander as jy glo dat God nog nie klaar geskryf het aan jou storie nie?

______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________
________________________________________

**Die lewe gebeur.**
**Pyn gebeur.**
**Teleurstelling gebeur.**
**Maar God skryf steeds die storie.**
**Jou gebrokenheid is nie die einde van jou verhaal nie.**